



NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 12 FEBRUARIE 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Papier, J R (GOOD)
Booyesen, A M (VF+)	Pieters, C (ANC)
Fortuin, C (ANC)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Nel, M (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Ngozi, M (ANC)	White, G E (PA)
O'Kennedy, E C (DA)	Williams, A M (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Rdl A M Williams open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl A K Warnick, terwyl rdl B J Penxa afwesig is sonder verlof.

3. SAKE VIR BESPREKING

3.1 (1) AANMELD VAN 'N ARTIKEL 56 VAKATURE: MNR P A C HUMPHREYS; (2) VULLING VAN ARTIKEL 56 VAKATURE – DIREKTEUR: BESKERMINGSDIENSTE; (3) AANWYS VAN KEURINGSPANEEL (4/3/B, 4/3/1)

Die Munisipale Bestuurder verwys na die aangehegte skrywe ontvang vanaf die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys waarin kennis gegee word van sy aftrede op 30 Junie 2025.

3.1/...

Die Munisipale Bestuurder noem die onderskeie stappe wat ingevolge wetgewing volvoer moet word vir die vulling van 'n Artikel 56 vakature wat deeglik in die prosesplan tot verslag uiteengesit is.

BESLUIT

(op voorstel van rdd Nel, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die vakature wat sal ontstaan in die pos van Direkteur Beskermingsdienste met die aftrede van mnr Philip Humphreys einde Junie 2025;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen en bevestig dat die makro personeelstruktuur soos aangetoon op die goedgekeurde organisasiestruktuur, in ooreenstemming is met die GOP en dat die pos van Direkteur Beskermingsdienste relevant is en benodig word ten einde die strategiese doelwitte van die GOP te bereik;
- (c) Dat die Raad goedkeur dat die pos van Direkteur Beskermingsdienste gevul word en dat goedkeuring verleen word vir die vul daarvan en advertering, – in ooreenstemming met die aangehegte advertensie en die regulasies;
- (d) Dat die pos gevul word op 'n allesinsluitende “koste-vir-maatskappy” pakket in ooreenstemming met die bepalings van die bo-perk (“upper limits”) vir Senior Bestuurders, ingevolge die 30 Mei 2024 kennisgewing, of soos gewysig;
- (e) Dat die Raad die keuringspaneel bestaande uit die volgende persone goedkeur –
 - (a) Die Munisipale Bestuurder - mnr Joggie Scholtz (Voorsitter van paneel)
 - (ii) Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee – rdl A K Warnick
 - (iii) Direkteur Beskermingsdienste van Overstrand Munisipaliteit
- (f) Dat daar kennis geneem word dat 'n diensverskaffer deur die Munisipale Bestuurder aangestel sal word om te help met die werwing- en keuringsproses vir die aanstel van 'n Direkteur Beskermingsdienste;
- (g) Dat daar kennis geneem word van die prosesplan soos hierby aangeheg en dat dit as sulks goedgekeur word;
- (h) Dat goedkeuring verleen word dat mnr Philip Humphreys in 'n mentorskaprol aangewend word na die aanstelling van sy opvolger, vir die oorblywende tydperk van sy kontrakperiode, onderhewig daaraan dat hy ook vir ander take, funksies en verantwoordelikhede aangewend word, soos en wanneer benodig.

**GETEKEN:
SPEAKER**